# NEOMARXISME — KULTUURKRITIEK TUSSEN DIE MISLUKKING VAN DIE REVOLUSIE IN DIE OOSTE EN DIE VERSUIM VAN DIE REVOLUSIE IN DIE WESTE*

J.M. Kirsten, *Departement Filosofie, Universiteit van Port Elizabeth*

*ABSTRACT*

*This introduction to "Neomarxism" begins by a formal analysis of the concept itself. It is suggested here that this term refers to the philosophical revival and revision of Marxist theory in the West. The philosophic-historical context of Neomarxism is consequently outlined so as to elucidate the basic elements of this revision. It appears that this context is determined by the dual experience of the betrayed revolution in the East and the abandoned revolution in the West. Against this background an explanation is then given as to why Neomarxist criticism of Marx concentrates especially on the so-called reductivist and deterministic elements in historical materialism. Finally the leitmotif of the Neomarxist critique of culture is defined. Their rejection of the technocratic ideal of progress not only demonstrates their departure from Marx and the Marxist belief in the emancipatory effect of the rational control of nature. In addition it justifies the view that a radical critique of Marx simultaneously implies a critique of the very roots of modern Western society.*

Dit is vir my 'n aangename voorreg om met u te kan gedagtes wissel oor 'n onderwerp wat só warm uit die intellektuele oond kom soos die Neomarxisme — tans een van die invloedrykste filosofiese bewegings in die Westerse wêreld.

Ek moet ook ruiterlik erken dat ek gevlei voel deur die wete dat u — meerendeel beoefenaars van die empiriese wetenskappe — kans sien om na 'n lang en vermoeiende dag 'n filosoof van alle mense aan te hoor. Dit is na alle waarskynlikheid nie omdat u begin om terug te verlang na die spekulatiewe vleispotte van die filosofie nie. Daarom moet ek u by voorbaat waarsku dat ek nie u gunsteling akademiese gereg op die spyskaart het nie. Ek gaan nie vanmiddag harde, objektiewe feite opdis nie. Ook die filosoof is uitgelewer aan die waarheid van die Nederlandse spreukwoord wat lui dat "Elk vogeltje zingt zoals het gebekt is". Die lewenselement van die filosoof is

* Voordrag gelewer op 25 Mei voor die Oos-Kaaplandse Werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te Port Elizabeth.

nou eenmaal nie die empiriese orde van feite wat gekontroleer kan word nie, maar die konseptuele orde van betekenisse wat verantwoord moet word. Prakties beteken dit dat ek hierdie byeenkoms nie as 'n blote inligtingsvergadering beskou waartydens ek u van feitelike informasie omtrent die Neomarxisme moet voorsien nie. Filosofies gesproke, is die Neomarxisme nie 'n empiriese verskynsel wat vanuit 'n soort toeskouershouding bestudeer kan word nie. Dit verteenwoordig eerder 'n uitdagende teoretiese perspektief op mens en samelewing wat op persoonlike instemming aanspraak maak. My verhaal van vanmiddag is gevolglik nie bereken op *kennisname* nie, maar op *standpuntname:* ek hoop om u te betrek by 'n denkprobleem wat u sal aktiveer om sáám te begin filosofeer.

Ten einde u stap vir stap in te lei in die filosofiese probleemstelling van die Neomarxisme, wil ek as volg te werk gaan:

- *eerstens* wil ek die begrip "Neomarxisme" analiseer met die oog op 'n formele omskrywing van die betekenis van die woord. Ek sal aanvoer dat dit betrekking het op die filosofiese vernuwing en hersiening van die Marxistiese teorie in die Weste.
- *tweedens* wil ek die filosofies-historiese konteks van die Neomarxisme omlyn ten einde die basiese elmente van hul Marx-hersiening in die visier te kry. Dit sal blyk dat hierdie konteks bepaal word deur die tweeledige ervaring van die mislukte revolusie in die Ooste en die versuimde revolusie in die Weste.
- *derdens* wil ek die grondmotief van die kultuurkritiek van die Neomarxisme skets. Dit sal my in staat stel om die stelling te verdedig dat 'n grondige kritiek op Marx tegelykertyd 'n kritiek op die grondslae van ons Westerse samelewing impliseer.

## 1. BEGRIPSBEPALING: DIE FILOSOFIESE VERNUWING VAN DIE MARXISTIESE TEORIE IN DIE WESTE

Eerstens dan — 'n formele beskrywing van die begrip "Neomarxisme". Neomarxisme, so sal ek betoog, is 'n sambreelwoord; dit word egter ook as 'n skelwoord gebruik.

### *1.1 Neomarxisme as sambreelwoord*

Die woord "Neomarxisme" is in 'n sekere opsig 'n *sambreelwoord.* Daarmee bedoel ek dat dit as 'n algemene noemer optree waaronder verskillende betekenisse kan skuilgaan. Ek wil onderskei tussen 'n breër en 'n enger

betekenis van Neomarxisme.

Dit spreek vanself dat alles wat vir Neomarxisme wil deurgaan minstens verband moet hou met die teoretiese werk van Karl Marx (1818-1883). Hiervolgens sou Neomarxisme dan *breedweg* gesien kon word as die *wêreldwye beweging van Marxnavolging*, d.w.s. as die verdere uitwerking van die teorie van Marx onder die invloed van historiese omstandighede wat ontwikkel het ná die grondlegging van die Marxistiese gedagtegoed in die *oeuvre* van Marx en, in 'n mindere mate, Engels. Hoe grondliggend Marx se oorspronklike geskrifte ook al mag wees vir die mondiale verskynsel van die Marxisme, 'n mens kan nie die oë sluit vir die pluriforme gestalte van hierdie verskynsel nie. Vir die Marxisme geld ook: elke ketter het sy letter. Naas die huidige Sowjet-Kommunisme, die sg. Marxisme-Leninisme, is daar 'n hele reeks -ismes wat konkrete bewys lewer van die uiteenlopende en dikwels onversoenbare Marx-interpretasies binne die tradisie van Marx-navolging. Ek verwys u na die Trotskyïsme, Revisionisme, Titoïsme, Maoïsme en Castroïsme om maar by die bekendste variante te bly. En dan is ons ook goed bekend met die pogings van 'n Alexander Dubček en 'n Lech Walesa om in Oos-Europa 'n sosialisme met 'n menslike gelaat te vestig.

As 'n werkdefinisie is ons eerste omskrywing van Neomarxisme klaarblyklik te wydlopend om bruikbaar te wees. In 'n *enger* sin van die woord kan ons dié begrip daarom goedskiks reserveer vir die *filosofiese tradisie van Marx-navolging in die Weste.* Alhoewel die kwalifikasie "filosofies" die verskillende kommunistiese partye op die Europese Vasteland uitskakel, beteken dit nog nie dat ons met ons definisie, binne die geografiese begrensing van die Westerse wêreld, 'n homogene beweging geïsoleer het nie. Die verskynsel van die sg. "Westerse" of "filosofiese" Marxisme verteenwoordig op sý beurt 'n uiters komplekse tradisie wat onmoontlik in 'n afsluitende definisie vasgevang kan word. Daarvan getuig alreeds die bestaan van 'n aantal kompeterende "standpunte", waaronder dié van 'n "kritiese", "wetenskaplike", "eksistensialistiese" en "strukturalistiese" Marxisme as die vernaamste tel.

Ondanks diepgaande verskille in hul Marx-interpretasie, het hierdie en ander denkrigtings egter *twee* formele kenmerke met mekaar in gemeen wat dit regverdig om die tradisie van die filosofiese Marxisme in die Weste onder die algemene noemer van "Neomarxisme" tuis te bring. 'n Eerste kenmerk is dat in die *praktyk* deurgaans 'n beleid van politieke onafhanklikheid ten aansien van sowel die gevestigde kommunistiese partye van die "Old Left" as die links-sosialistiese organisasies van die "New Left" gevolg word.

Daarom dat Neomarxiste hul meerendeel vereenselwig met die benaming van "Vrye Marxiste". Die feit dat hulle nie onderhewig is aan die geïnstitusionaliseerde druk en kontrole van partydissipline nie, bevry Neomarxistiese denkers en denkrigtings ook van die dwang tot skoolvorming en dogmatiese sisteemdenke. Oor die algemeen openbaar hulle dan ook 'n teoretiese openheid en ideologiese onbevangenheid wat voldoen aan die hoogste standaarde van wetenskaplike integriteit. 'n Tweede kenmerk is dat alle variante van Neomarxisme geïnspireer word deur een en dieselfde *teoretiese* opgawe, nl. om die "oorspronklike", historiese Marx in die Marxisme te rehabiliteer. Dit kom daarop neer dat gepoog word om die filosofiese nalatenskap van Marx te red en om dit onder die veranderende sosio-politieke en ekonomiese omstandighede van die 20ste eeu vir die moderne maatskappy toepaslik te maak.

Hierdie filosofiese rehabilitasieprogram ontleen sy teoretiese stukrag o.a. aan die lewendige dialoog wat die Neomarxisme sowel met die geskiedenis van die filosofie as met kontemporêre strominge in die filosofie onderhou. Vertikaal tree dit in gesprek met die Duitse filosofiese tradisie en analiseer veral die historiese en saaklike betekenis van Hegel se dialektiese metode vir die Marxistiese teorie. Die heraktivering van die Hegeliaanse filosofie met die oog op 'n vernuwing van die dialektiese en kritiese karakter van die Marxisme, is een van die grondmotiewe in die gedifferensieerde tradisie van die Westerse Marxisme. Horisontaal voer die Neomarxisme 'n intensiewe gesprek met eietydse filosofiese bewegings, wo. veral die eksistensialisme, die strukturalisme en die hermeneutiek. Dit het op die Europese Vasteland aanleiding gegee tot 'n situasie van wedersydse beïnvloeding. Enersyds oefen Neomarxistiese denkrigtings direk en indirek 'n bewese invloed uit op die tydgenootlike filosofie, asook op aanverwante vakgebiede soos die sosiale wetenskappe, die teologie en die kuns- en literatuurteorie. Omgekeerd word belangrike motiewe van eietydse filosofieë en van die empiriese vakwetenskappe in die Neomarxisme opgeneem. Hierdie wisselwerking bevestig sowel die intellektuele spierkrag as die teoretiese openheid van die Neomarxisme. Feit is dat die diskussie tussen Neomarxistiese en ander filosofiese denkrigtings tot die gangmakende debatte behoort wat tans die filosofiese toneel op die Vasteland, en in 'n toenemende mate ook in die Anglo-Amerikaanse wêreld, bepaal.

Samevattend: ek het die begrip "Neomarxisme" formeel omskrywe as die tradisie van die filosofiese Marxisme in die Weste. As sodanig verwys dit na daardie tradisie van Marx-navolging wat teruggevoer kan word na die publikasie in 1923 van Lukaćs se *Geschichte und Klassenbewusstsein* en Korsch

se *Marxismus und Philosophie;* wat sedertdien belangrike eksponente in Sartre en Lefèbvre, Bloch en Kolakowski, Althusser en Colletti gehad het; en wat sy filosofies mees ambisieuse en invloedryke formulering ontvang het in die sg. kritiese teorie van die Frankfurter Schule waartoe o.a. Horkheimer, Adorno, Marcuse en Habermas behoort. Dit is in hierdie eng sin van die woord as 'n Westerse filosofiese verskynsel wat ek die begrip "Neomarxisme" verderaan gebruik.

### *1.2 Neomarxisme as skelwoord*

Die woord "Neomarxisme" is nie net 'n sambreelwoord nie; dit is tweedens ook 'n *skelwoord.* Ek bedoel hiermee dat dit ook in 'n pejoratiewe sin gebruik word om andersdenkendes neer te haal of verdag te maak.

Op hierdie nie-verhelderende betekenis van die woord wil ek nie in besonderhede ingaan nie. Ek volstaan om daarop te wys dat hieruit blyk dat die Neomarxisme in sekere kringe nog steeds 'n *philosophia non grata* is. Veral in Suid-Afrika het die woord, om redes wat vanweë sy Marxistiese konneksies seker verstaanbaar is, 'n emosionele geladenheid bekom wat 'n ernstige en onbevange akademiese diskussie oor die Neomarxisme tot nog toe ernstig gekniehalter het. In dié diskussie moet twee uiterstes vermy word. Enersyds mag die teorie van Karl Marx nie geïdentifiseer word met die offisiële staatsideologie van die Sowjet-Kommunisme om so 'n direkte verbindingslyn tussen Neomarxisme en kommunisme te bewerkstellig nie. Die Marxisme-Leninisme is 'n karikatuur van die teoretiese standpunt wat Marx verdedig het. In die Sowjet-ideologie is gesigspunte wat by Marx slegs 'n marginale funksie beklee het, tot uitgangspunt verklaar, waardeur 'n fundamentele perspektiefwysiging plaasgevind het — aanvanklik uit teoretiese oorweginge by Engels, Kautsky en Plekhanov; later om prakties-politieke en opportunisties-propagandistiese redes by Lenin en Stalin. Andersyds is dit 'n ewe groot misgissing om Marx vry te pleit van enige aanspreeklikheid vir die repressiewe totalitêre regimes en terreurorganisasies wat in sy naam opereer. Hongarye, Praag, Afghanistan en Pole is nie toevallige ontsporinge in die wêreldwye opmars van die Marxisme nie. Soos wat ek hoop om aan te toon, loop daar 'n goue (of is dit 'n rooi?) draad vanaf *Das Kapital* na die Goelag Argipel.

Hieruit moet te duidelik wees dat die Neomarxisme 'n ewewigtige oordeel verdien. Vir diegene wat dit oorhaastig as skelwoord inspan, stel ek voor die houding van die fynproewer: wag eers, proe die woord in u mond, voordat u

dit uitspoeg en 'n oordeel vel. 'n Mens moet onthou: elke definisie, elke oordeel is voorlopig. Dit kan miskien wees dat woorde soos Neomarxisme wat ons toegemaak het met vaste, ongunstige betekenisse, opgemaak moet word vir ander betekenisse, en moontlik betekenisse wat waardes insluit waarby ons direk gemoeid is.

## 2. KONTEKSBEPALING: DIE TWEELEDIGE ERVARING VAN DIE MISLUKTE EN DIE VERSUIMDE REVOLUSIE

Ek het nogal uitvoerige aandag gegee aan 'n formele omskrywing van die begrip "Neomarxisme". Ek wou u daarvan oortuig dat die Neomarxisme 'n suiwer, rasegte filosofiese beweging is en nie een of ander kruisgeteelde, ideologies- ontaarde en Moskou-geborgde onderneming nie. In dié verband het dit dan ook geblyk dat die "neo" in Neomarxisme staan vir die filosofiese hersiening en vernuwing van die Marxistiese teorie in die Weste. Dit is by hierdie laaste gedagte wat ek wil aansluit as ek vervolgens probeer om ons formele begrip van Neomarxisme inhoudelik in te klee. Ek wil my inhoudelike analise nl. begin deur te verwys na die filosofies-historiese konteks van die Neomarxistiese denke ten einde die basiselemente van hul Marx-hersiening in die visier te kry.

### *2.1 Marx in hersiening*

Vanuit 'n bepaalde perspektief kan die sentrale probleemstelling van die Neomarxisme as volg geformuleer word: ***hoe kan 'n mens nog Marxisties dink in 'n wêreldsituasie wat skynbaar nie langer revolusionêr is nie?*** Die filosofies-historiese konteks van die Neomarxistiese denke word bepaal deur die tweeledige ervaring van die mislukking van die revolusie in die Ooste en die versuim van die revolusie in die Weste. Dit beteken dat Marx se optimistiese geloof in 'n proletariese revolusie wat menslike lyding en onderdrukking wêreldwyd sal afskaf, in meer as een opsig ontgogel is. Die heilshistoriese, Messiaanse rol wat Marx aan die arbeidersklas toegeken het, kan nie langer gehandhaaf word nie. In die Weste gaan dit met die revolusie soos met die Messias in die Judaïsme: Sy koms is voorlopig en, tot nadere kennisgewing, blykbaar permanent uitgestel. In die Ooste, daarenteen, misluk die Oktober-revolusie van 1917 in feite: in die Stalinisme openbaar die Messias hom as 'n valse profeet. Hierby kom vir die Neomarxisme nog 'n derde en deurslag-gewende ervaring: die Fascisme. Nie alleen het die Messias sy koms uitgestel en staan daar 'n valse Messias op nie, maar in die nasionaal-sosialistiese moordbendes verskyn die anti-Messias in lewende lywe op die wêreld-historiese toneel. Volgens hierdie interpretasie van die toestand van die rede

en die vryheid in die wêreld, is die scenario van Marx reddeloos deur die geskiedenis gediskrediteer. Die dubbele ervaring van die verraaide en die verspeelde revolusie noop sy Neomarxistiese navolgers gevolglik om wesenlike leerstellinge van die Marxistiese teorie drasties in hersiening te neem.

Wat het dan skeef geloop met Marx se teorie? Waar het hy die bal misgeslaan? Daar is nouliks 'n leerstelling van Marx te noem wat nog nie deur Neomarxistiese outeurs aan revisie onderwerp is nie. Terwyl almal dit met mekaar eens is dat die Marxistiese teorie 'n opknapping dringend nodig het, bestaan daar groot onduidelikheid oor die aard en omvang van so 'n verjongingskuur. Wát presies hersien moet word en hoe radikaal hierdie hersiening deurgevoer moet word, vorm een van die deurlopende diskussietemas in Neomarxistiese geledere. Ek meen egter dat daar 'n redelike mate van eenstemmigheid bestaan oor die feit dat die basiese defek in die hart van die Marxistiese teorie gesoek moet word, t.w. in die sg. *historiese materialisme.* Ek noem die historiese materialisme (Marx se materialistiese geskiedenisfilosofie) die hartaar van sy hele teorie, omdat dit die lewensbelangrike verbinding vorm tussen die kritiek van die politieke ekonomie (Marx se kritiek van die kapitalistiese maatskappy) en die revolusieteorie (Marx se opvatting van die proletariaat as die subjek van die revolusionêre praktyk). In sy beroemde 11de tese oor Feuerbach, verklaar Marx dat die filosowe die wêreld alleen verskillend geïnterpreteer het; dit kom nou daarop aan om dit te verander. Sy geskiedenisbegrip het die funksie om die oorgang van die teorie (van die kapitalistiese maatskappy) na die praktyk (van die proletariese revolusie) te fundeer. Volgens sy Neomarxistiese kritici verloop hierdie oorgang — die sg. prakties-word van die teorie in die revolusie — nie so glad as wat Marx dit in sy historiese materialisme gekonsipieer het nie.

Veral twee punte van kritiek word geopper. Hierdie tweeledige kritiek is veral gemik op wat ek die *reduktivistiese* en *deterministiese* elemente van Marx se geskiedenisopvatting wil noem. Ek sal dit kortliks probeer verduidelik.

### *2.2 Marx se ekonomiese reduktivisme*

Met Marx se *reduktivisme* (van reduksie-herleiding) bedoel ek die oortuiging dat die infrastruktuur of ekonomiese onderbou van 'n samelewingsorde eensydig die suprastruktuur of kulturele bobou bepaal. Marx word tereg die grootmeester van die infrastrukturele denke genoem. Dit is die oorspronklike insig van sy historiese materialisme dat die geskiedenis vanuit die sentrale gesigspunt van die mens se interaksie met die natuur in die arbeid gesien moet word. Die geskiedenis beweeg op verskillende fronte vooruit; die

beslissende front is egter die materiële produksieproses, d.w.s. die proses waarin die mens sy fisiese bestaan en voortbestaan verseker deur die natuur aan sy wil te onderwerp en só vir hom 'n bruikbare wêreld te skep. Die wyse waarop die mens sy stoflike bestaan voortbring deur die uitoefening van sy beheersingsmag oor die natuur, bepaal alle vorme van sy maatskaplike lewe en vorm as sodanig die ware grondslag van die geskiedenis. Gevolglik meen Marx om al die sg. ideologiese vorme van die sosiale, politieke en geesteslewe van die mens in terme van hul ekonomiese basis te kan verklaar deur dit tot blote funksies van die materiële arbeidsproses te herlei.

Volgens die Neomarxisme is een van die onhoudbare konsekwensies van só 'n reduktiewe gedagtegang dat Marx uiteindelik gedwing word om die veelkantige probleem van die emansipasie van die mens tot 'n bloot tegniese probleem te verskraal. Deurdat hy die historiese ontwikkeling van die mensheid uitsluitlik in materieel-ekonomiese terme interpreteer, dink hy die revolusionêre aktiwiteit van die menslike bevryding ten slotte in een en dieselfde kontinuum as die tegniese proses van natuurbeheersing. Die revolusionêre praktyk, d.w.s. die sosiaal-politieke aksie met die oog op die omverwerping van die kapitalistiese stelsel, word herlei tot die arbeiderspraktyk, tot tegniese handeling met die oog op die ontwerp van 'n bruikbare wêreld. Die veronderstelde kwalitatiewe ommekeer wat die proletariese revolusie volgens Marx in die geskiedenis sou moes bewerkstellig, word daardeur gelykgeskakel. Ten slotte val kapitalisme en kommunisme saam in die eendimensionele beweging van die natuurbeheersende rede, van die bloot kwantitatiewe verhoging van die arbeidsproduktiwiteit.

Hierdie eensydigheid van Marx se geskiedenisbeskouing werp volgens Neomarxiste 'n verhelderende lig op die mislukking van die revolusie in die Ooste. Die outoritêr-burokratiese organisasie van die samelewing in die kommunisme hou verband met 'n latente grondtrek van Marx se historiese materialisme. Die teoretiese wortel van die degenerasie van die sosialisme tot 'n totalitêre dwangsisteem moet gesoek word in Marx se hantering van die arbeid as die paradigma vir menslike handeling as sodanig. Immers, indien die sosiale en politieke ordening van die samelewing gekonsipieer word volgens die voorbeeld van die produktiewe toe-eiening van die natuur in die arbeidsproses, dan word inderdaad die ganse werklikheid — mens en samelewing ingesluit — as roumateriaal beskikbaar gestel aan die willekeur van 'n totale magsuitoefening.

Die kommunistiese eksperiment het op ondubbelsinnige wyse aangetoon, so betoog die Neomarxiste, dat tegnies-wetenskaplike vooruitgang nie op

sigself tot die sosiale en politieke emansipasie van die mens lei nie. Die bevryding van mens en samelewing van die mag van die natuur, is nie ook vanselfsprekend en onmiddellik 'n vermindering van sosiale nood en politieke onderdrukking nie. Dit is 'n illusie om te dink dat 'n vry en menswaardige samelewing outomaties volg op 'n herstrukturering van die ekonomiese infrastruktuur. Gevolglik konsentreer Neomarxiste hul aandag op die ontwikkeling van 'n *alternatiewe model van rasionaliteit wat eties en polities verruim is.* Vanuit hierdie gesigspunt behels die filosofiese rehabilitasie van Marx die uitwerk van 'n redebegrip wat voorsiening maak vir beide "arbeid" en "interaksie", d.w.s. vir beide die dimensies van tegnieswetenskaplike (instrumentele) handeling én van sosiaal-politieke (kommunikatiewe) handeling.

*2.3 Marx se historiese determinisme*

Met Marx se *determinisme* bedoel ek sy ongeskokte vertroue in die rasioneelgewaarborgde goeie afloop van die geskiedenis. Dit is een van die belangrikste aansprake van Marx dat hy 'n element van noodsaak in die feitelike ontwikkeling van die geskiedenis ontdek het. Hierdie element, so het geblyk, is geleë in die wyse waarop die materieel-ekonomiese basis van die samelewing, d.w.s. groei van die mens se arbeidskapasiteit, die totale lewe van die mens bepaal en as't ware as maatstaf dien vir die vooruitgang van die vryheid en die redelikheid in die geskiedenis. Dit is hierdie insig wat Marx in staat stel om met sy historiese materialisme die brug tussen teorie en praktyk te slaan. Hy verstaan sy teorie as 'n teorie van die revolusionêre praktyk. Die revolusionêre praktyk sien hy egter as die resultaat van die begrepe geskiedenis, d.w.s. van die teoretiese insig in sowel die praktiese noodsaak as die historiese onvermydelikheid van die revolusie. Die Marxistiese teorie staan of val by die tese dat die geskiedenis in die gestalte van die verarmde werkersklas, sélf en met 'n innerlike noodsaak die subjek produseer wat in staat én gewillig is om die kapitalistiese sisteem met geweld omver te werp.

Neomarxistiese kritici van Marx wys só 'n deterministiese gedagtegang om *twee* redes af. In die eerste plek is die *teoretiese* konsekwensies daarvan vir hulle onaanvaarbaar. Dit sou beteken dat die rol van die proletariaat in die revolusionêre proses verskraal word tot die funksie van willose eksekuteurs van die voorafbepaalde grondplan van die geskiedenis. In feite word Marx uiteindelik ook daartoe verlei om die revolusie af te lei uit die ekonomiese antagonismes van die kapitalistiese maatskappy i.p.v. om dit prakties in die sosiaal-politieke klasstryd van die proletariaat te fundeer. M.a.w. die

revolusie blyk nie langer die uitdrukking te wees van die geskiedenismakende aktiwiteit van die arbeidersklas wat bewustelik vorm gee aan die sosiale en politieke lewensprosesse nie. Dit moet daarenteen verstaan word as die onvermydelike produk van die inherente logika van die materiële arbeidsproses wat, onafhanklik van en buite die wil van revolusionêres om, die sukses van die revolusie waarborg.

Marx se historiese determinisme is nie net teoreties onhoudbaar nie; dit is ook *empiries* deur die feitelike verloop van die geskiedenis gefalsifieer. Die revolusie bly nl. in die Weste agterweë. Volgens die Neomarxisme is die rede hiervoor die dokumenteerbare feit dat die tradisionele draer van die revolusie, die arbeidersklas, effektief in die moderne welvaartmaatskappy geïntegreer is en sy belang só onlosmaaklik daaraan verbind het, dat hy sy revolusionêre potensiaal volledig ingeboet het. Deurdat die werker m.b.v. die manipulasiemeganisme van behoeftebevrediging in die bestaande sisteem ingelyf word, word die maatskaplike teenstellinge en konflikte wat tot bewuswording van sy onderdrukking en onvryheid kon lei, toegedek en die strewe na 'n kwalitatiewe verandering van sy sosiale lewensomstandighede effektief geblokkeer. D.w.s. die strewes en aspirasies van die werkersklas word by voorbaat só kunsmatig deur die manipulasietegnieke van die welvaartmaatskappy gevorm en gerig dat dit steeds in beginsel binne die bestaande bestel geakkommodeer en bevredig kan word. In dié opsig verskil die arbeidersklas nie langer kwalitatief van ander sosiale klasse nie — soos ons almal, is die moderne arbeider in die Westerse wêreld 'n materieel bevredigde, maar tegnologies gemanipuleerde verbruiker.

Die versuimde revolusie in die Weste, so argumenteer die Neomarxisme, weerlê Marx se aanspraak dat daar 'n objektiewe logika in die geskiedenis werksaam is, die logika van tegniese rasionaliteit wat met 'n innerlike noodsaak die bevryding van die mens uit sy verslawende omstandighede sal bewerkstellig. Dit beteken dat die geskiedenis sélf die hoop op 'n ekonomiesgefundeerde revolusie die nekslag toegedien het. Die konsekwensie van hierdie diskreditering van die materiële basis van die geskiedenis, is dat die kritiek en verandering van die kulturele bobou by Neomarxistiese outeurs 'n nuwe en deurslaggewende gewig verkry. Die bevryding van die mens — vir sover so iets hoegenaamd nog moontlik is — berus nie op die eiewetlike gang van die geskiedenis nie. Dit hang af van die daadwerklike insette van emansipasiebewuste mense wat met wil en bewussyn hul eie geskiedenis maak. Voorlopig kom alles daarop aan om d.m.v. ideologiekritiek valse bewussynsvorme te besweer. Die klemverskuiwing binne die Marxistiese teorie waarvolgens die bobou algaande aan belangrikheid wen ten koste van

die onderbou, kom daarin tot uitdrukking dat die *kritiek van die politieke ekonomie vervang word deur 'n kritiek van die instrumentele rede.* In hierdie opsig bestaan die filosofiese rehabilitasie van Marx in die oorgang van die Marxistiese kritiek op die kapitalistiese ekonomie in 'n kritiek op die tegniese beskawing.

Samevattend: ek het probeer aantoon hoe die Neomarxistiese hersiening van Marx deur die dubbele ervaring van die mislukte en die versuimde revolusie bepaal is. Die mislukking van die Bolsjewistiese revolusie vestig die aandag op die reduktivistiese element in Marx se historiese materialisme. Dít probeer die Neomarxisme elimineer deur die invoering van 'n verruimde begrip van die rede, d.i. 'n redeopvatting wat ruimte maak vir sowel die tegniese as die eties-politiese aspekte of dimensies van menslike rasionaliteit. Die versuimde revolusie in die Weste vestig op sý beurt die aandag op die valse determinisme van Marx se geskiedenisvisie. Dít probeer die Neomarxisme ontkom deur die belang van die kulturele bobou in ere te herstel, d.w.s. deur die wetenskaplike bestudering van die ekonomiese bewegingswette van die kapitalisme te vervang met die ideologieskritiese ontmaskering van die eensydige, tegnies-verskraalde redeopvatting waarop die moderne Westerse beskawing gebou is.

Hierdie twee samehangende, kultuurkritiese denkmotiewe van die Neomarxisme wil ek nou ietwat duideliker omskryf deur dit te verbind met 'n derde motief, nl. hul fundamentele bevraagtekening van die tradisionele Westerse vooruitgangsgeloof. Auschwitz en die Fascisme is volgens Neomarxiste nie 'n tydelike en toevallige onderbreking in die opmars van die vooruitgangsreus nie. Inteendeel, die wesensaard van die Westerse beskawing word daarin onthul.

## 3. STANDPUNTBEPALING: KULTUURKRITIEK AS 'N TWEESNYDENDE SWAARD

Ek wil nou 'n kort, samevattende skets gee van die grondmotief van die Neomarxistiese kultuurkritiek. Dit sal my in staat stel om die tese te verdedig dat 'n grondige kritiek op Marx tegelykertyd 'n kritiek op die grondslae van ons Westerse samelewing impliseer.

### *3.1 Die tegnokratiese vooruitgangsideaal*

In 1920 skryf John Bury in sy standaardwerk, *The Idea of Progress,* dat die vooruitgangsidee die "animating and controlling idea of Western civili-

sation" is. "For the earthly progress of humanity", so verklaar hy, "is the general test to which social aims and theories are submitted as a matter of course. The phrase *civilisation and progress*... illustrates how we have come to judge a civilisation good or bad according as it is, or is not, progressive". Wat Bury hier vertolk, is die neerslag van bykans 200 jaar van Westerse beskawingsoptimisme — 'n optimisme wat georiënteer is aan wat ek die *tegnokratiese vooruitgangsideaal* wil noem. Met "tegnokrasie" bedoel ek in dié verband 'n beskawing waarin die *kratos*, die mag van wetenskap en tegniek dominant geword het. As sodanig is die Westerse vooruitgangsideaal o.a. die historiese erfenis van die ontmoeting van wetenskap en tegniek aan die begin van die sewentiende eeu. Dit is 'n produk van Bacon se uitspraak dat kennis ván, ook mag óór die natuur beteken. Met die uitspraak "Knowledge is power" voorsien hy die ontwakende *homo faber*, die makende mens, van die stelreël waarvolgens hy sedertdien sy verhouding tot die wêreld gekonsipieer het as een van die produktiewe onderwerping en toe-eiening van die natuur. Die Westerse idee van vooruitgang gaan m.a.w. oorspronklik uit van die tegnokratiese identifikasie van die vryheidsbegrip met die akkumulatiewe ontplooiing van die mens se beskikkingsmag oor sy wêreld. Gevolglik is die natuurbeheersende rede in 'n toenemende mate as die draer én die maatstaf van die vooruitgang van die mens erken en vereer — totdat die vooruitgangsideaal in die loop van die 19de eeu eksklusief aan die voortskryding van wetenskaplike kundigheid en tegniese vernuf verbind is en tegnies-wetenskaplike vooruitgang ten slotte tot die paradigma van menslike vooruitgang verhef is.

Dit is een van die traumatiese ervaringe van die 2de helfte van die 20ste eeu dat die eens magiese towerwoord van die vooruitgang, waaroor Bury in 1920 nog so liries kon raak, op baie fronte van die Westerse kultuur sy geloofwaardigheid begin verloor het. Daar bestaan vandag, minstens in intellektuele kringe, 'n wydverspreide kritiese onbehae in die Westerse kultuur. Elke tydvak in die Westerse kultuurgeskiedenis het weliswaar sy kritici gehad. Kenmerkend van die huidige kritiese onbehae is egter die strukturele en die radikale aard daarvan. Dit is *struktureel*, omdat dit geen konjunkturele verskynsel is wat aan 'n toevallige sameloop van omstandighede gewyt is en daardeur as 'n verbygaande modegier afgemaak kan word nie. Dit het te make met iets wat inherent is aan die moderne Westerse wêreld, met sy wesensaard. Hedendaagse kultuurkritiek sinjaleer nie 'n krisis ín die Westerse kultuur nie, maar die krisis ván die Westerse kultuur. Daarom is hierdie kritiek ook *radikaal*. Dit is nie bloot teen bepaalde fasette of geïsoleerde instellinge van die samelewing gerig nie. Dit bevraagteken daarenteen die *radix*, die wortels of grondslae en daardeur die totale

waardesisteem waarop ons beskawing berus.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die basiese denkmotiewe van die Neomarxistiese kultuurkritiek beoordeel moet word. Die strukturele en radikale aard van hierdie kritiek blyk daaruit dat dit nou juis die tegnokratiese vooruitgangsideaal is wat onder die loep geneem word. Die sentrale insig wat Neomarxistiese kultuurkritici verkondig, is dat die mens deur sy georganiseerde tegniese onderwerping en eksploitering van die natuur nie sy beloofde vryheid verwerf het nie. Die blinde geloof in die emansipatoriese, bevrydende werking van wetenskap en tegniek het eerder 'n waarde-oriëntasie in die lewe geroep wat goedskiks met die begrip *utilitarisme* of operasionalisme getipeer kan word. Daarmee word 'n waarderingskema bedoel wat die waarde van 'n saak van die funksionele nut daarvan laat afhang. Die strategiese doel van 'n operasionalistiese kultuurbeleid is die bewoonbaar maak van die wêreld deur die tegnies-wetenskaplike beheersing en manipulasie van alle moontlikhede.

Die enigste norm wat hierby in die geding is, is nie die normatief-etiese vraag of iets gedoen behoort te word nie, maar die funksionele vraag of dit tegnies moontlik is al dan nie. Hieruit volg ten slotte dat nie net die natuur nie, maar ook die mens sélf van sy intrinsieke eie-waarde ontneem word. Geen wonder dan ook, aldus die Neomarxisme, dat die Westerse beskawingsgeskiedenis in feite 'n bloedige slagbank is waarop die lewens van miljoene onskuldige mense aan die ydele ideale van "beskawing", "vooruitgang" en "vryheid" geoffer is nie. Die veronderstelde parallelle ontwikkeling van natuurbeheersing en vooruitgang, van arbeid en vryheid, tegniek en humaniteit, wetenskap en geluk, welvaart en welsyn word nie deur die huidige toestand in die wêreld bevestig nie. Auschwitz, Hiroshima, die Goelag Argipel, en noem maar op, kon alleen plaasvind in 'n beskawing waarvan die waardesisteem alles en almal tot tegnies beheer- en manipuleerbare funksies en operasies herlei.

### *3.2 Die dialektiek van die vooruitgang*

Die Neomarxistiese diagnose van die huidige stand van die rede, die vryheid en die menslikheid in die Westerse wêreld, lei tot die tese i.s. die sg. ***dialektiek van die vooruitgang***. Daarmee word bedoel dat die beskawingsproses van tegniese natuurbeheersing sy negatiewe teendeel produseer, en dit ten koste van die menslike subjek sélf. Die blyk nl. dat met die voortgaande ontplooiing van die (tegnokratiese) mag van die mens oor sy wêreld, ook die (burokratiese) mag van die mens oor die mens toeneem. D.w.s. in dieselfde

mate as wat die ontokrasie van die natuur opgehef word, verstrik die mens hom in die ewe anonieme magsisteem van die hedendaagse tegno- en burokrasie. In sy poging om hom uit die ondeursigtige magte van die natuur te bevry, word die mens dus deur 'n nuwe afhanklikheid oorval — in die vorm van sy eie arbeid en organisasie. Die tegniese bevrydingsproses slaan gevolglik in sy teendeel om: die mens wat hom met sy tegnies-wetenskaplike magsapparaat uit die natuur wou bevry, word nou die slagoffer van sy eie, ongebreidelde wil tot mag.

Die tese i.s. die dialektiek van die vooruitgang, hierdie ommekeer van subjek en objek in die beskawingsproses, vorm die spil waaromheen die Neomarxistiese kultuurkritiek wentel. Dit gee ook 'n aanduiding van die groot afstand wat Neomarxiste van hul leermeester skei. Soos aangedui, radikaliseer hulle Marx se kritiek van die politieke ekonomie, d.w.s. sy kapitalismekritiek, tot 'n kritiek van die instrumentele rede, d.w.s. 'n kritiek van die tegniese beskawing. Die rede hiervoor is dat dit in die Westerse samelewing nie langer een, bepaalde klas — die werkers — is wat deur 'n ander klas —die kapitaliste — uitgebuit en onderdruk word nie. Die teenstelling tussen arbeid en kapitaal verval ten oorstaan van die onderdrukking wat die moderne tegnokratiese bestel sonder aansiens des persoon uitoefen. Met die konsep van die dialektiek van die vooruitgang wil die Neomarxisme juis sê dat *homo sapiens* as sodanig 'n vervreemde, onderdrukte en verslaafde spesie geword het — en dit deur sy eie toedoen. Die *homo faber*, die (tegnokraties) makende mens, maak homself tot 'n *homo fabricatus*, 'n (burokraties) vervaardigde mens. Volgens Neomarxiste is die lyding en ellende in die wêreld dus nie die direkte gevolg van die vervreemdende werking van die kapitalistiese ekonomiese stelsel, soos Marx dit wou hê nie. Die bron van die kwaad moet veel dieper as in 'n histories-bepaalde produksiesisteem gesoek word. Die kapitalisme en sy mensonterende neweprodukte is alleen 'n simptoom van die magstrewe van die mens wat in die Weste gelei het tot die vesting van 'n tegnokratiese bestel. Dit is die magsbeginsel inherent aan die moderne Westerse opvatting van die rede as 'n instrument van natuurbeheersing, wat ten grondslag lê aan alle vorms van onderdrukking en onmenslikheid in die wêreld. Hierdie prinsipe van die mag is ook die blindevlek van die teorie van Marx. Soos aangetoon, word Marx se kritiek van die politieke ekonomie sélf nog bepaal deur die optimistiese geloof in die bevrydende werking van die natuurbeheersende rede. Die ontwikkeling van die produksiekragte en die groei van die arbeidskapasiteit gee nl. die voorwaardes aan vir 'n revolusionêre herstrukturering van die kapitalistiese produksieorde. In dié opsig was Marx niks minder tegnokraties as 'n Milton Friedman nie! Meer nog: alle ideologiese verskille ten spyt, vertoon

sosialistiese en kapitalistiese samelewings volgens Neomarxiste een en dieselfde repressiewe kenmerke, omdat hulle op een en dieselfde tegnokratiese grondslag berus. Of die samelewing nou ekonomies georden word volgens die vrye mark-beginsel of die beginsel van sentrale beplanning, in beide gevalle is die wagwoorde: kwantitatiewe groei, tegnies-wetenskaplike vooruitgang, industriële ontwikkeling; kortom, die intensiewe en ekstensiewe uitbreiding van die mens se mag oor sy wêreld. Die rooi draad wat *Das Kapital* en die Goelag Argipel verbind, die wil tot mag, vorm dus ook 'n deurlopende motief in die ontstaan en ontwikkeling van die kapitalistiese maatskappy. Wanneer ons dus die Marxistiese teorie grondig ondersoek, ontdek ons ook krake in die grondslae waarop ons eie samelewingsorde berus. Dit is daarom nie wetenskaplik eerlik om Marx en die kommunisme aan kritiek te onderwerp sonder om tegelykertyd selfkritiek uit te oefen nie: ons verkeer almal onder dieselfde ideologiese ban — die tegnokratiese verheerliking van die natuurbeheersende, wêreldverowerende rede. Ten slotte enkele opmerkinge hieroor.

### *3.3 Die bemeestering van ons meesterskap*

Soos wat uit hul Marx-kritiek afgelei kan word, skryf Neomarxistiese denkers die dialektiek van die vooruitgang toe aan die *verskraalde kultuurbegrip* wat sedert die 16de eeu in die Weste posgevat het; 'n kultuurbegrip waarin arbeid en materiële produksie ten koste van kommunikasie en sosiaal-politieke interaksie die klem ontvang het. Hierdie verskraalde kultuurbegrip wat deur die huidige ideologiese karakter van wetenskap en tegniek en die blinde geloof in tegnies-wetenskaplike vooruitgang versinnebeeld word, word op sý beurt gewyt aan 'n *eensydige redeopvatting;* 'n opvatting van die rede waarin die teoreties-berekenende aspek ten koste van die prakties-etiese aspek die oorwig verkry het. Die gevolg hiervan was dat die Westerse idee van rasionaliteit allengs uitsluitlik in die teken van natuurbeheersing, van tegnologiese magsontplooiing en "social engineering" te staan gekom het, met uitsluiting van die elemente van versoening, van magsvrye dialoog en politieke konsensus.

Ek wil my in die breë vereenselwig met die Neomarxistiese diagnose van die Westerse kultuurkrisis. Die sosiale evolusie van die mensheid is 'n bidimensionele proses wat as't ware op twee bene staan. Hierdie bene kan, in navolging van Habermas, goedskiks aangedui word met die terme "arbeid" en "interaksie". Met *arbeid* bedoel ek in hierdie verband die *materiële* produksie en reproduksie van die lewe in wisselwerking met die natuur. Hierdie proses word bepaal deur die *tegniese* interesse in natuurbeheersing

met die oog op die emansipasie van die mens uit sy natuurlike nooddruf en die fisiese sekerstelling van sy bestaan en voortbestaan. *Interaksie, daarenteen, dui op die sosiale* produksie en reproduksie van die lewe in kommunikasie met die ander d.m.v. die taal. Hierdie been van die evolusieproses word gelei deur die *etiese* interesse in die wedersydse verstaan van mekaar met die oog op die bereiking van 'n politieke konsensus oor die sosiale en ekonomiese ordening van die maatskappy. Arbeid en interaksie vorm, sowel in 'n histories-genetiese as in 'n prinsipieel-strukturele opsig, die twee noodsaaklike voorwaardes waaronder die mens hom in die wêreld oriënteer en kultuur skep. In sy bewoonbaar maak van die wêreld is die kultuurskeppende mens net soseer aangewys op die tegniese beheersing van die natuur deur instrumentele, strategiese handeling as op die normatiewe strukturering van die sosiaal-politieke orde deur kommunikatiewe, morele handeling. Die emansipatoriese funksie wat tegnies-wetenskaplike magsontplooiing in die kultuurproses vervul het en nog steeds vervul, kan nie ontken word nie. Ek meen egter Neomarxiste slaan die spyker op die kop wanneer hulle die dilemma van die Westerse kultuur verbind met die oorwoekering van interaksie, van sosiaal-politieke kommunikasie en dialoog, deur arbeid, deur die aktiwiteite van produksie en beplanning. Immers, die materiële voorsiening in die mens se lewensonderhoud is 'n *voorwaarde* vir die mens se bestaan. Dit is egter nie die *finale waarde* van sy bestaan, soos wat deur die utilitaristiese etos van die hedendaagse tegno- en ekspertokrasie gesuggereer word nie. Dit behels dat die redebegrip summier met tegnies-wetenskaplike rasionaliteit geïdentifiseer word. Die gevolg hiervan is dat álle lewensterreine aan die magsheerskappy van wetenskap en tegniek uitgelewer word — ook dié terreine, soos bv. die samelewing, die politiek en die moraal, waarin alleen die versoenende handeling van konsensussoekende dialoog bevrydend kan werk. Dit is hierdie oorwoekering van interaksie deur arbeid wat ten grondslag lê aan die dialektiek van die vooruitgang, aan die ommekeer van subjek en objek in die beskawingsproses.

Is die Westerse mens in staat om hom aan hierdie dialektiek te ontworstel en om die noodlottige konsekwensies van die objek-word van die menslike subjek af te weer? Van die beantwoording van hierdie vraag, so meen Neomarxiste m.i. tereg, hang nie net af watter soort toekoms ons in die Weste gaan hê nie, maar *of* ons hoegenaamd 'n toekoms gaan hê. Immers, die kollektiewe selfmoord van die menslike spesie is vandag net so 'n grillerige gedagte as wat dit 'n tegnies-uitvoerbare saak is. Ons is die eerste geslag wat as't ware die Apokalipse beheer. As die Neomarxisme één verdienste het, dan is dit dat dit die grondaannames van ons Westerse kultuur radikaal problematies gemaak het. *Neomarxiste konfronteer ons met die*

*waarheid dat die moderne Westerse mens hom danksy wetenskap en tegniek meester gemaak het van sy wêreld, maar dat hy hom nog nie kon meester maak van sy meesterskap nie.* Ons het geleer om die natuur aan ons doeleindes te onderwerp; ons het egter nog nie geleer om met onsself, met ons eie soortgenote klaar te kom nie. Daar bestaan blykbaar geen konsensus oor die morele waardes, sosiale strukture en politieke institute; kortom, oor die kultuurbeleid wat die uitbreiding van ons wetenskaplike kundigheid en die ontwikkeling van ons tegniese vernuf moet begelei en rigting gee nie. Geen wonder dan ook dat die mens sy tegnies-wetenskaplike vermoëns destruktief teen homself aanwend nie — so veel so dat ons kultuur nie alleen deur ondergang bedreig word nie, maar sélf diegene wat deel daarvan uitmaak met uitwissing bedreig.

Op die vraag hoe presies die mens hom meester van sy eie meesterskap moet maak, loop die menings uiteen. Eén ding staan egter vas: die mens se bemeestering van sy meesterskap is self nie 'n tegnies-wetenskaplike aangeleentheid nie. Vir sover dit in die grond van die saak 'n kulturele heroriëntasie en daarmee 'n hersiene self- en wêrelddefinisie vereis, is dit 'n *filosofiese* aangeleentheid. Dit wil my dus ten slotte lyk asof die Neomarxisme u daarvan wil oortuig dat die filosofie voorlopig nie verdien om afgeskaf te word nie!